*Nouveau Kollege & Pikanini Kampus*
R362, Karoovlak
Vredendal
8160
Pos: Posbus 553, Vredendal, 8160

*26 Jaar van Gehalte: 1998 tot 2024*

Telefoon: 027 470 0117
Skoolhoof: hoof@nkollege.co.za
Administrasie: admin@nkollege.co.za
Sport: sport@nkollege.co.za
Beheerraad: beheerraad@nkollege.co.za

**In hierdie omsendskrywe:**

- ATLETIEK
- PRESTASIE IN ENGELS
- SPORT
- KARATE
- ROBOTIKA
- OUERBRAAI
- NOUVEAU FACEBOOK
- NOUVEAU TOER
- EKSAMENROOSTER




**Juffrou Marí en Juffrou Belinda, vroegdag by die NWB-byeenkoms.**

## Liewe Ouers en Leerders

### ATLETIEK

Baie dankie aan die personeel wat die leerders vergesel het na die NWB-Atletiekbyeenkoms. Twee van ons atlete kon daarin slaag om te kwalifiseer vir die BOLAND-BYEENKOMS te Paarl. Hulle is:

**ASHTON PILLAY en ELI JULIES**




Ashton gaan Nouveau Kollege in gewigstoot verteenwoordig en Eli gaan ons skool in verspring verteenwoordig. Ons wens hulle alles van die beste toe vir dié uitdagings!

## PRESTASIE IN ENGELS

Die graad 2-Nouveauers van 2023 het weer gesorg dat ons skool die **Top 20-skole Toekenning** ontvang het. Ons skool is vyftiende op die skole ranglys geplaas vir ENGELS GRAAD 2. Baie geluk aan dié deelnemers met hierdie goeie prestasie.

**Ons sal weer hierdie jaar, op meriete, inskryf vir die nasionale CONQUESTA CHALLENGE*!***

## SPORTORGANISEERDER

Nouveau Kollege spog nou met sy eie sportorganiseerder,

**Me. Belinda Nel.**

Ouers kan haar kontak op **083 607 2790** of e-pos by sport@nkollege.co.za

Me. Belinda Nel sal alle sportaangeleenthede en reëlings namens die skool hanteer. Alle speelroosters en aktiwiteite van die skool in sport verband aanbied, sal deur haar bestuur word.

Ons wens Me. Nel alles van die beste toe vir hierdie nuwe pos en vertrou dat sy ons sportbedrywighede goed sal bestuur.

## KARATE BY NOUVEAU



Okinawa
Goju Ryu
Karate-do
Kyokai



**Karate word voortaan by Nouveau Kollege aangebied.**


**Dit sal op DINSDAE vanaf 14:00 tot 15:00 in die skoolsaal plaasvind.**

**Die kostes beloop R200 per maand per leerder en daar is afslag vir gesinne wat meer as een leerder inskryf.**

**Die eerste sessie begin op DINSDAG, 27 FEBRAURIE 2024**

## ONS ROBOTIKA… GRAAD 1 en 2 en 3 en 4 en 5 en 6 en 7!

# Die Robotika-klasse het afgeskop en die leerders is gaande oor die nuutjie!



## OUERBRAAI OP VRYDAG, 23 FEBRUARIE 2024

Dis weer tyd vir braai. Ons nooi alle ouers en leerders uit om te kom saam braai. Die skool sal die vuur voorsien. Dit is die ideale geleentheid om ‘n bietjie saam met die kinders te kan ontspan, te gesels met ander ouers en sommer die personeel beter te leer ken.

Die verrigtinge begin om 18:00 by die skoolsaal en sal teen 23:00 afgesluit word. Ouers is welkom om te kom inloer en te verdaag soos dit hulle pas. Maak asb. van die geleentheid gebruik – ‘n kind se opvoeding is ‘n spanpoging.

## NOUVEAU FACEBOOK

Baie moeite word gedoen deur Mevv. Johanita Stemmet en Suné van Huyssteen. Hulle is verantwoordelik om ons skool se Facebook-blad op datum te hou. Het u geweet dat elke week se program vroegtydig daar geplaas word. Prestasies van leerders word ook, soos dit gebeur, daar geplaas. Ons is trots op ons Facebook-blad – gaan en “like” en “share” dit. Daar gebeur so baie by Nouveau Kollege en ons wil dit met almal deel.

## NOUVEAU SUID-KAAP TOER VIR GRADE 6 en 7

Die jaarlike skool toer vind hierdie jaar vanaf 21 tot 25 April 2024 plaas. Die leerders besoek weer die Suid-Kaap en word vergesel deur Mnr. Esterhuyse en Mevv. Weideman en Van Huyssteen.

Die koste beloop R2 500 per leerder en sluit alle akkommodasie, vervoer, etes, aktiwiteite en verversings in. Ons vertrou dat alle **graad 6- en 7-leerders** die toer sal kan meemaak. Daar sal nie volgende jaar 'n Suid-Kaap toer wees nie.

## EKSAMENROOSTER VIR EERSTE KWARTAAL 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | 4 Maart | AFRIKAANS HT | Grade 4 tot 7 |
| Dinsdag | 5 Maart | WISKUNDE | Grade 4 tot 7 |
| Woensdag | 6 Maart | ENGELS EAT | Grade 4 tot 7 |
| Donderdag | 7 Maart | EBW | Graad 7 |
| Vrydag | 8 Maart | NWT | Grade 4 tot 6 |
| | | NW | Graad 7 |
| Maandag | 11 Maart | TEGNOLOGIE | Graad 4 tot 7 |
| Woensdag | 12 Maart | AARDRYKSKUNDE | Grade 4 tot 7 |
| Dinsdag | 13 Maart | GESKIEDENIS | Grade 4 tot 7 |

**Let asseblief daarop dat die ENGELS en WISKUNDE omgeruil het**, as gevolg van ander verpligtinge vir die vakonderwysers. Alle eksamen werk is reeds vir die leerders afgebaken.

Vriendelike groete

PJ ESTERHUYSE
SKOOLHOOF
Woensdag 21 Februarie 2024



**Ons leerders is ONS prioriteit!**

**Ons nasorg-program maak tyd vir leer, speel en georganiseerde sport en kultuur.**